

Die Vaderland

Johannesburg

By die Poskantoor ingeskryf as Nuusblad.

Jr. XVIII. Nr. 5353. Dond., 4 Maart 1954. Prys 3d.

SONDERLINGE BEELD VERTOON

In die beeldhouwerke van Herman Wald, wat tans in die Beaux-Arts-galery in Johannesburg uitgestal word, word die oorheersende karakter van onstuimige bewegings gekenmerk. Ons foto toon een van sy werke wat groot bespreking uitgelok het. Dit is 'n bronswerk van Jakob se Droom, 'n figuur in 'n lêende posisie met die „leer” by sy kop. Mnr. Wald verkeer sedert 1937 in Suid-Afrika. In 1952 het hy 'n uitstalling in New York gehou. Die uitstalling in die Beaux-Arts-galery duur voort tot 17 Maart.

